# InfoForum

Nuusbrief van die Ferdinand Postma-Biblioteek
Noordwes-Universiteit : Potchefstroomkampus

Tuisblad English Vol 4(2), Aug 2004


## Redaksioneel...

Die Universiteit en Biblioteek het oor die afgelope dekade groot veranderinge beleef. Op breë universiteitsvlak het die geweldige toename in afstandstudie geweldige eise begin stel, terwyl die Biblioteek 'n dramatiese toename gesien het in sy toegang tot elektroniese databronne. Een van die groot uitdagings is om hierdie twee sake sinvol te kombineer en kwaliteitdiens te lewer deur vir alle studente toegang tot die nuutste inligtingsbronne te verseker.

Tot baie onlangs kon toegang vir afkampus-studente net bewerkstellig word deur 'n omslagtige proses waar toegangskodes per telefoon verskaf is. Deur die implementering van die EZproxy-stelsel word sake nou aansienlik vergemaklik en kan sulke studente met hulle identiteitsnommer aanteken en deursigtige toegang verkry tot van die belangrikste databasisse soos ScienceDirect, EBSCOHost, Emerald Online en ISI se Web of Science.

**Tom Larney**
**Direkteur Biblioteekdienste**



By die jaarlikse **Marketing Fair van die GAELIC-konsortium** wat onlangs gehou is, het die biblioteek skoonskip gemaak deur al die toekennings te verower. Hierdie kompetisie bepaal watter biblioteek se oriëntering en bemarking aan biblioteekgebruikers die meeste trefkrag het. Die tema van hierdie jaar se kompetisie was 'Customer relationship management to new or elusive library users' waarin gefokus moes word op die bereiking van 'n spesifieke gebruikersgroep. Lees gerus meer hieroor ...

LexisNexis

Environment Abstracts (LexisNexis) bestaan uit tydskrifartikels, konferensiestukke en ander belangrike inligtingsbronne oor die omgewing. Dit dek nasionale sowel as internasiale toestande en is veral geskik vir omgewings-wetenskaplikes en ontwikkelings-ekonome.

MICROMEDEX

Martindale (Micromedex) is terug. Ons was voorheen op die CD-ROM weergawe ingeteken maar dit is nou beskikbaar via Internet. Die bron bestaan uit 'n verskeidenheid van databasisse geskik vir die behoeftes van gesondheidskundiges. Dit verskaf ook inligting oor medisyne, akute versorging, toksikologie, en pasiëntopvoeding.

LexisNexis

Vir Regte het ons ingeteken op LexisNexis Professional. Dit is 'n internasionale volteksdatabasis en bestaan uit artikels, wette en hofsake. Ons betaal per soektog en sal dit op prys stel indien dit met oorleg gebruik word. Vir opleiding/ wagwoorde kontak Christine by fpbcvb@puk.ac.za

LexisNexis Butterworths

Open access webwerwe verskaf gratis en wêreld-

Butterworths se voorkoms en webadres het verander. Die nuwe skakel is nou: http://www2-win4.puk.ac.za/mylnb. Onthou Butterworths is slegs beskikbaar via die Intranet. Vir opleiding met die werk van die nuwe voorkoms kontak Christine by fpbcvb@puk.ac.za.




**Waar kan ek rustig in die biblioteek sit en studeer?**

'n Meningspeiling wat deur die biblioteek gedoen is kyk na die behoeftes van studente rondom studie areas. Meer hieroor ...

**Stel jy belang in die impak-faktor van 'n sekere tydskrif?**

Journal Citation Reports (JCR) is nou beskikbaar via ISI Web of Knowledge. Die skakel verskyn op die biblioteek se blad onder "Tydskrifte" en "Impakfaktore". Skakel gerus jou vakbibliotekaris vir meer inligting.



**Wanneer weet ek of 'n tydskrif geakkrediteerd is?**

Wat behels die nuwe wetgewing rondom geakkrediteerde tydskrifte?

Lees gerus meer hieroor ...

wye toegang tot geëvalueerde, en hoofsaaklik volteks, wetenskaplike inligting.

Die volgende naslaanwerk is nou beskikbaar via die web: Elektroniese WAT.

**Die Biblioteek het twee opleidingslokale** nl., Besembos en Tarentaal wat deur personeel en studente by die Inligtingstoonbank in die biblioteek, of by 299 2802, bespreek kan word.

**A democratic society depends upon an informed and educated citizenry.**
(Thomas Jefferson, 1743-1826)

Vorige uitgawes

**© 2004 NWU. Alle regte voorbehou. Kennisgewings.**

**13 Augustus 2004.** FPBWEB
**http://www.puk.ac.za/biblioteek/nuusbrief**

# Gaelic and Friends Marketing Fair



Terug / *Back*

# Studiesale in die Ferdinand Postma-Hoofbiblioteek: Potchefstroomkampus

Gedurende die tweede kwartaal het ons deur middel van vraelyste 'n meningspeiling gedoen t.o.v die gebruikspatrone, behoeftes aan studieruimtes en aanbevelings in hierdie verband, van studentegebruikers van hierdie biblioteek.

Dit het duidelik geblyk dat studente 'n behoefte het aan 'n totale stil ruimte, maar ook aan gewone studieruimtes en groepslokale.

Daar is op grond hiervan besluit om die studieruimtes van die biblioteek dus voortaan hiervolgens te soneer:

| | |
|---|---|
|  | **2de Verdieping.** Die "GLASKAS", d.i. die regsleessaal, word die totale stil studieruimte vir die toegewyde leerders. |
|  | **2de Verdieping.** Die tydskrifleessaal, waar die Reserveerafdeling ook is, word die lokaal vir groepsgebruik, waar studente saam aan opdragte kan werk en die onderwerp kan bespreek. |
|  | **1ste Verdieping.** Die eerste verdieping studieruimte aan die noordekant van die uitleenrakke word ook 'n stil studieruimte. |
| | Die res van die studieruimtes kan dan beskou word as leessale waar daar volgens algemene riglyne vir biblioteke redelike stilte gehandhaaf moet word. |

SELFONE moet in alle gevalle in alle ruimtes afgeskakel word indien dit nie op "stil" gestel kan word nie.

GEEN SELFOON mag lui of 'n gesprek gevoer word in die leessale nie.

Indien daar 'n oproep deurkom, moet die student die saal verlaat en by die sitkamereenhede die gesprek voer of uitbeweeg tot by die voorportaal van die biblioteek.



